



KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Nommer 274

18 Januarie 2010

TOULEIER

Ek en Kamermaatjie raak slim oor die Krismis



Hallo julle, soos ou JC uit Klerksdorp altyd groet.

Al klaar soek mens na die handrem van die tyd as jy beseft die eerste maand van die jaar van die voetbal is binnekort in sy maai!

Ons raak nou lekker slim hier tussen die duine van Doha. Ek en Kamermaatjie het so 'n paar pirsentjies oorgehou van laas Krismis, klaar toegedraai, reg vir volgende Kersfees. Hy's mos nou-nou weer hier!

Van Kersfees gepraat, hier tussen die lakendraers en doekkoppe is hulle heel bereid om Kersliggies en blink goedjies uit te hang en word die winkels goed bevoorraad met geskenke en versiersels. Ek en Annabelle het toe besluit dat ons, eerder as om vooraf geskenke te koop, liever op Oukersaad saam winkels toe gaan en dan vir mekaar iets koop. Op dié manier kan ek die sakdoeke-en-sokkies, en sy die badseep-en-sjampoe presente vermy.

My Nuwejaarsvoorneme is dieselfde as laas jaar s'n: om nie weer 'n Nuwejaarsvoorneme te neem nie. Dus het ek al weer gefaal, want ek het mos so pas al weer een geneem om nie een te neem nie. Kom ons kyk of ek hom volgende jaar kan hou. Wat van julle, enige voorneme wat jy laas jaar geneem het en by kon hou? Skryf en laat weet asb.

Die kostelikste een kry 'n lekker geskenkbewys om by Kalahari.net te gaan spandeer.

André gee 'n boek uit

Verdere goeie nuus, André Dippenaar het van sy stories wat in Kammanuus se Agteros verskyn het, saamgebind in 'n boek *Harleyryers is nie Banggatte* nie. Hy het onderneem om ons weer te vereer met sy nuwe vertellings. Wees dus op die uitkyk vir *Perskemampoer en Longdrops* wat eersdaags in *Kammanuus* sal verskyn. Ons vertel volgende keer hoe en waar julle die boek kan bestel.

So Maak Mens van Retha Kruger op www.onsdorp.com het 'n spiekeries nuwe baadjie aan en jy kan gerus daar 'n draai gaan maak wanneer jy weer op die net gaan slenter.

Laastens, geluk aan **Sonja van Eck** wat ons Desember-breinboelie gewen het. Die antwoord is *papier*. Sonja, kontak my asb. vir jou prys.

Die volgende een is reeds op die webwerf – sien jou daar!

Nou ja lesers, laat ons uit die blokke kom, die jaar wag, en daar is make om te maak, al is dit kaak!

Groetnis

Hennie
Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Spaar EN maak geld van die huis af!

Ek en my twee webmeestermaats Gerrie van *Die Knoop* en Danie van *Egafrikaans* kyk gereeld op die internet rond op soek na 'n kans wat mens 'n meevallertjie kan bring.

Gereelde sakgeld. Iets wat jy van die huis af kan bedryf.

Ons het onlangs 'n goeie kat uit die boom gekyk en aangesluit by 'n splinternuwe geleentheid wat jou R200 gee 'n week nadat jy iemand suksesvol verwys het.

Dis al wat jy doen: Verwys mense en as hulle aansluit, kry jy nie net die R200 nie, jy kry daarna 'n gereelde kommissie solank as wat jy en hulle lede bly.

Die produkte spaar jou ook nog boonop R200 en meer op jou normale maande-likse uitgawes! Om meer hieroor uit te vind, gaan na die adres hieronder en vul die vormpie in. Kyk rustig na die aanbieding wat aan jou gestuur sal word. GEEN VERPLIGTING NIE.

Doen jousef 'n guns, hier is die plek:

<http://www.premierdirect.co.za/info/?sponsor=910754>

Doen dit sommer nou!

Allegaartjie



En dan wonder hy hoekom hy nie werk kan kry nie . . .

LY JY AAN STRESS?

Hier is 'n paar sêgoed waarmee jy jou geestestoestand aan ander kan oordra.

Laat ek myself voorstel:

Ek bly in die voorstede, waar hulle die bome uitkap en die strate na hulle vernoem.

Ek probeer om te dink hoe jy met 'n persoonlikheid sal wees.

Voertsek! Jy staan in my aura.

Hoeveel keer moet ek die ketting trek voordat jy verdwyn?

Ek werk 40 uur per week om so arm te wees.

Is dit tyd vir jou medisyne, of myne?

Ek is nie gespanne nie, net op en wakker.

Metafore

deur skoolkinders geskryf

Sy het op hom gegroei soos 'n kolonie E.coli en asof hy 'n stuk beleë beesvleis op kamertemperatuur was.

Sy het 'n egte, diep lag uit haar keel laat hoor – die geluid wat 'n hond maak voordat hy opgooi.

Die man het 12 verdiepings ver geval en die sypaadjie getref soos 'n supermark-sakkie wat vol groentesop is.

Haar hare het in die reën geblink, net soos haar neus nadat sy genies het.

Die haelstene het op die sypaadjie gebons, net soos wanneer jy wurms in warm olie bak.

Haar woordeskat was so goed soos, soos, wel wat ook al.

Hy was so lank soos 'n boom wat twee meter hoog is.

HOEKOM HOL HY SO?



Dis 'n veelkeuse-vraag – kies jou antwoord uit die volgende:

1. Hy hardloop oor die grens.
2. Hy hol weg nadat hy 'n petrolstasie beroof het.
3. Hy is halfpad deur 'n gumboot dance.
4. Nie een van bostaande nie.

**DIE ANTWOORD IS AGTERAAN
AGTEROS OP BLADSY 9**

AS ADVERTENSIES EERLIK WAS:



**JY HET DIT
NODIG
WANT JY IS**

VET

**En jou sweet en asem stink en
die aarde skud as jy hardloop**

Ode aan bier

Bier is sonder twyfel die mens se grootste bydrae tot die samelewing. Ja, ek weet die wiel was ook 'n puik ontdekking, maar die wiel gaan nie naastenby so lekker saam met pizza nie.

-- Dave Barry



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com



NUUT OP DIE MARK: PAP EN WORS

HOE VER IS DIT?

Mike en Kallie sit en gesels en toe vra Mike vir Kallie:

"Is Portugal ver?"

Kallie: "Nee, ek glo nie. Daar was Portugese saam met my op skool en hulle het almal met fietse gery."

MOOI HONDE

Gatiep: "Gammat, wasse honne het djy?"

Gammat: "Haskies."

Gatiep: "Ek vra wasse honne het djy man!"

Gammat: "Haskies!!!"

Gatiep: "Ag boggerof djou, dowe donner!"

BLONDINE

Die baas toets die blondine se wiskunde: "As ek vir jou R5 miljoen minus 10% gee, hoeveel trek jy af?"

Blondine: "Als Meneer! Skoene, rok, bra, pantie - ALLES!"

KOOS SE ONGELUK

Koos maak 'n ongeluk. Hy sê vir die polisieman: "Ek vermoed die bestuurder van die ander kar is dronk."

Polisieman: "Meneer, die ander kar is 'n koei!"

SKOONMA

Jan vat sy St. Bernard dokter toe.

"Dokter," sê hy met sy seer hart, "ek moet jou versoek om my hond se stert af te sit."

Die veearts is verstom.

"Jan," sê hy, "hoekom wil jou so 'n vreeslike ding doen?"

Jan: "Want my skoonma kom môre kuier en ek wil nie hê enigeen moet die indruk skep dat sy welkom is nie."

NUWE BABA

'n Engelssprekende vrou gee geboorte.

Sy vra die blonde Afrikaanse suster aan diens:

"Is it a boy?"

Suster: "Nee mevrou, dit is 'n wit kind."

KRITIEK

Mense hou van kritiek -
- hou dit net positief en vleiend.

LEES EERS!

Die skipbreukeling het vyf jaar op die verlate eiland oorleef toe daar een oggend 'n skip opdaag en 'n klein bootjie na die eilandjie stuur.

Die man was oorstelp van vreugde.

Toe die bootjie anker, gooi een van die roeiers vir hom 'n klomp opgerolde koerante.

"Die kaptein sê jy moet die koerante lees, en dan besluit of jy nog gered wil word."

PEANUTS deur Schulz





Soos dit die hof behaag

DOM VRAE EN SLIM ANTWOORDE

V: Wat is jou geboortedatum?

A: Die 15de Julie.

V: Watter jaar?

A: Elke jaar.

V: In watter toestand was jy tydens die ongeluk?

A: Met Gucci-sweetpak en Reebok-tekkies aan!

V: Die myasthenia gravis, beïnvloed dit jou geheue enigins?

A: Ja.

V: Op watter manier beïnvloed dit jou geheue?

A: Ek vergeet.

V: Jy vergeet. Kan jy 'n voorbeeld gee van iets wat jy vergeet het?

V: Hoe oud is jou seun wat saam met jou woon?

A: 38 of 35 ek kan nie onthou nie.

V: Hoe lank woon hy reeds by jou?

A: 45 jaar.

V: Wat was die eerse ding wat jou man gesê het toe hy daardie oggend opstaan?

A: Hy het gesê: "Waar is ek, Cathy?"

V: En waarom het dit jou ontstel?

A: Want my naam is Susan!

V: Waar het die ongeluk gebeur?

A: BY Myl 499.

V: En waar is Myl 499?

A: Seker tussen Myl 498 en Myl 500.

V: Soldaat, toe jy die verweerderes voorgekeer het, het jou rooi en blou ligte geflikker?

A: Ja.

V: Het die verweerderes enigiets gesê toe sy uit haar voertuig uitgeklim het?

A: Ja, Edelagbare.

V: Wat het sy gesê?

A: By watter Disco is ek nou?

V: Nou ja, dokter, is dit nie waar dat wanneer iemand in sy slaap oorlede is, hy eers die volgende oggend daarvan bewus sal wees nie?

V: Die jongste seun, die 21 jarige, hoe oud is hy?

V: Was jy teenwoordig toe jou foto geneem is?

V: Sy het drie kinders gehad, nie waar nie? Hoeveel was seuns?

A: Nie een nie.

V: Was daar enige dogters?

V: Jy sê die trappe het na die kelder gelei?

A: Ja.

V: En hierdie trappe, het hulle ook boontoe gelei?

V: Kan jy die individue beskryf?

A: Hy was omtrent van medium lengte en bou en het 'n baard gehad.

V: Was dit 'n man of 'n vrou?

V: Dokter, Hoeveel lyksskouings het jy al op dooie mense uitgevoer?

A: Al my lyksskouings word op dooie mense uitgevoer.

V: Is jy gekwalifiseer om 'n urine monster te kan gee?

V: M.a.w. die datum, van die verwekking van jul baba was die 8ste Augustus?

A: Ja.

V: Wat het julle op daardie oomblik gedoen?

A: Ons het gespyker.



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Ek stap in die spoor van die reën

RETHA KRUGER, NOORD-KAAP:

Die reën was tot dusver baie min hier in die Noord Kaap op die plaas, maar die eerste van 2010 genoeg om 'n ligte spoel-spoor in die pad te loop, met miniatuur opdrifsels wat bly getuig dat dit wel gereën het!

Die veld is ongelooflik droog. Ek het dit sien kom toe die aalwyne Oktober so vinnig klaar geblom het, die veldblomme so skaam en suinig was, skilpad eiers onuitgeboreid oopgewaai het, en die springbok lammers begin vrek het. Tog is die wêreld bedrieglik groen want spilpunte rondom ons spel die opkoms van die nuwe seisoen met groen mielies op al die lande.

Maar die veld is in skakerings van klipbruine, groen soetdoringblare, verdroogde aalwynstele en geel droë gras.

Smiddae is baie warm deesdae, so ek stap nou soggens, en vanoggend is ek beloon deurdat ek in die spoor van die reën van voorlaasnag kon stap.

In die spoor van die reën was daar ook bokspoortjies, jakkalsspoortjies en 'n jong ribbokooitjie wat my skugter onderdeur die lang wimpers beloer het voor sy sowat 60m uit die paadjie getree het en my laat verbygaan het, rooi-fluweel-bosluis-spinnekoppe wat enkel of in paartjies kruis en dwars oor my paadjie geskarrel het... en die soetdoringboom aan die voet van die opdraande het my vir die eerste keer in maande beloon met 'n vars stuk boomgom! Goud en soet soos die beloftes van die nuwe jaar.

Mag al ons lesers n wonderlike 'boomgom' jaar beleef

Dankie, De Klerk en Mandela

JUDY MEYER:

Dankie, hierdie uitgawe was weereens prettig om te lees. Baie persoonlike raakpunt (storie oor die meneer!) – soos my skoonpa – toe 86 - gesê het die dag met die "Icoon" se vrylating – Hoe kan jy vir so 'n mens meneer sê?.

Eksel self kon ook nog geensins die pandemonium en veslaafdheid en beheptheid met Mandela sien nie. Die mense sê dit is glo omdat ek nog nie in sy magnetiese!!!! persoonlikheid teenwoordig was nie. Dankie maar nee dankie – nou is my eens hegte familietjie – en my enigste kleinseuns in die VSA en ek mis hulle grootword en oulikgeit en stoutgeit – dankie Mnr de Klerk en Mandela. Ook daarvoor neem ek julle twee kwalik.

Sensor maar of gooi my met klippe – maar my kleindogters wat nog hier is woon in tronke – seker ons straf omdat ons nie die groot MAN kan vergeef vir sy dade nie en ons voorouers hom vir sy gruweldade in die tronk gestop het.

Wonderlik om Ferdie Jansen, my ikoon, leermeester en held met familienavorsing in die Stamboom afdeling raak te loop.

Groete en mag julle wonderlike werk nog tot astronomiese afmetings vorder.

Julle het wonderlike resepteboeke!

Severine Griesel (Pieters), Montana, Jakarandastad

Goeie dag, wat 'n toevlug op my pad vandag. Ek het gesurf op die site, na gesonde, goedkoop spyskaarte, en kom toe op jul website af. Met die wonderlikste verskeie resepte boeke.

Onmiddellik het ek 'n inbetaling op bogenoemde boek gemaak, sien aangeheg bewys van betaling.

Sodra ek die elektroniese weergawe ontvang het en besigtig het, wil ek die E-boek # 8 Alweer op Dieet ook bestel. Kan ek so vra dat u dit vir my in albei formate stuur, in geval ek probleme ondervind met die pdf formaat.

Baie dankie vir die puik produk, nou kan ek die spyskaarte besigtig en my kruidenierslys opstel voordat ek inkopies gaan doen.
'n Voortreflike dag vir jul.

(Julle ander kan gerus ook 'n draai op die onsdorp-werf maak en kyk wat daar alles onder KOOKPUNT en SO MAAK MENS aangaan. – Hennie.)



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

Wenke vir brood bak

Na die vorige bydraes (KN 270 en 271) oor meel en deeg voel ek egter dit is nog nie afgehandel as ek nie ook die volgende wenke oor die bak van brood met julle deel nie!

(Vermelding : SASKO, SNOWFLAKE en Golden Cloud)

Droë KITSGIS : Dit is maklik om te gebruik aangesien dit die rysperiode verkort en dit nie eers nodig is op dit op te los nie. Geseëde pakkies kan tot 18 maande op 'n koel droë plek bewaar word.

KNIE : Dit is die belangrikste stap in brood en beskuitbak. Dit veroorsaak dat die deeg elasties word wat die deeg toelaat om goed te rys en te verseker dat die eindproduk sy vorm behou. Bestrooi jou hande en die oppervlakte met meel aan die begin, en begin aan die buitekant en werk na die binnekant. Gebruik die palm van jou hand om die deeg herhaaldelik te vou. As die deeg taai raak, strooi bietjie meel maar nie te veel nie. Knie totdat die deeg elasties en glad is sowat 10 minute!

RYS: Plaas jou deeg in 'n gesmeerde houër en bedek met kleefplastiek. Ek het ook reeds hieroor ander wenke gegee gebruik wat jy vind vir jou help. Die rysperiode sal verskil van gebak tot gebak, maar rys die beste in warm toestand. Die deeg moet verdubbel in hoeveelheid tydens die rysperiode, dan is dit reg. Druk jou vinger daarin om te sien of dit klaar gerys het, as dit genoeg gerys het sal jou vinger se afdruk op die deeg agterbly.

AFKNIE : Nadat die deeg gerys het, keer dit op 'n meelbestrooide oppervlak uit en knie die deeg weer totdat dit so groot soos die oorspronklike grote is. Dit sal die gasborrels wat tydens die rysproses ontstaan het egalig deur die deeg versprei en verseker dat die deeg 'n egalige tekstuur kry wanneer dit gebak word. Knie die deeg af deur jou kneukels herhaaldelik in die deeg te druk. Daarna kan die deeg gevorm word soos verkies in broodjies, bolletjies, vetkoeke, pizza basisse ens. Brood en beskuit kan nou weer in die panne laat rys word tot amper dubbel volume en dan gebak word, of dadelik gebak word.

GLASERING: Dit beteken dat die bokant van die gevormde brode met 'n glaseersel soos 'n geklitste eier of melk gesmeer word. Dit beskerm die kors en verbeter die voorkoms van die brood.

BAK: Brood word gewoonlik teen 200°C gebak. Om te toets of dit gaan is, klop teen die onderkant met jou kneukels. As dit hol klink, is die brood gaar. Koel af op draadrakkie.

VRIES van brood : Draai toe in kleefplastiek en vries sodra afgekoel, tot solank as drie maande. Ontdooi brood teen kamertemperatuur of in mikrogolfoond.

En as jy nie lus is vir brood bak nie maak dan eerder **SKONS / BOTTERBROODJIES** vir 'n ligte ete!

Gebruik: 240g bruismeel, 1 ml sout, 1 eier, 125 ml melk, 25 ml olie
Sif meel en sout saam. Klits eier, melk en olie saam. Voeg eiermengsel by meel, sny met mes deur tot dit 'n deeg vorm. Strooi meel op oppervlakte, druk deeg met hand effe plat. Druk botterbroodjies met koekiedrukker uit en plaas op gesmeerde bakplaat. Smeer bietjie melk oor elkeen en bak in voorverhitte oond op 180°C vir 15 minute. Bedien warm saam met kaas en konfyt en room...

OF

Vorm die deeg in 'n ovaalvorm en sit dit op gesmeerde bakplaat.
Rasper kaas, sny sowat 6 snye ham in blokkies en kook 3 eiers hard.
Sit die ham, kaas en eiers en 'n hand vol vars gekapte pietersielie bo-oor deeg. Vou die kante van die deeg toe, tot 'n amper rol, smeer met geklitste eier bo-oor en bak 15 minute teen 180°C. Sny dit warm in skywe voor.

Voila!!



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BASSON

steyn@townexplorer.co.za

Op soek na inligting na die ouers van Anna Magrietha Basson (geb. 24-10-1909 oorlede 17-07-1973). Sy was getroud met Peter James Kinnear.

BOTHA

ludibotha@gmail.com

Ek is op soek na inligting, en 'n foto indien moontlik van Christian de Jager Botha. Hulle kom van die Fouriesburg-distrik. Sy pa of oupa (Louis Johannes Botha) is in Februarie 1938 oorlede. Hy het 'n plaas gehad met die naam Chatelet.

EBERSÖHN

ludibotha@gmail.com

Ek is op soek na inligting oor ene Willem Ludolph Ebersöhn, getroud met Anna Catharina Naude van die plaas AC langs die plaad Houtkop in Bethlehem.

MOOLMAN

ccvans@telkomsa.net

Ek soek na een spesifieke Diederick Johannes Moolman se afstammeling. Hy was een van 5 kinders en het self 7 kinders gehad. Ek het 5 van die kinders se name: 1. Diederick Johannes, 2. Barend (Bennie), 3. Janetta Fredrika Johanna Elizabeth, 4. Gert, 5. Elizabeth. Die laaste twee se name weet ek nie. Hierdie kinders se oupa was Diederick Johannes Moolman (*18/08/1898 +28/03/1938) en hul ouma se name was Janetta Fredrika Johanna Elizabeth (*26/11/1907 +11/09/2002) Ek soek nou amper 2 jaar al na hierdie tak van die familie-hoop. Ek het in 'n stadium gehoor dat hulle dalk in Vereeniging of Vanderbylpark kan wees.

PRETORIUS

amanda.parsons@gauteng.gov.za

Ek is op soek na my oupa en ouma Pretorius se geslag. My ouma en oupagrootjie se name is Carel (Karel) Johannes Pretorius, getroud met Johanna Margaretha Zanger. Hulle het 3 kinders gehad David (Dawid) Pretorius, Devina Pretorius en Albertus Christiaan Pretorius, getroud met Wynand Frederick Johannes Bezuidenhout (vroulik). Hulle saam het 10 kinders gehad:

- 1) Carel Johannes Pretorius
- 2) Anna Maria Pretorius
- 3) Wynand Frederik Johannes Pretorius
- 4) Johanna Margaretha Pretorius
- 5) Albertus Christiaan Pretorius
- 6) AdriaanPretorius
- 7) Paulus of Mathys Johannes Pretorius
- 8) Bets (Elizabeth)...Pretorius
- 9) Gert.....Pretorius
- 10) Edward Johannes Pretorius

Ek is nie doodseker van die name se spelling, en of dit hulle regte name was nie. Devina was getroud met Frank Cato, ek weet nie of uit daardie huwelik kinders gebore is nie. Sy is later met 'n Ludick getroud, uit daardie huwelik is 4 kinders gebore: Carel Johannes Ludick, Johannes Ludick, Albertus Christiaan Ludick en Mollie Ludick.

SLABBER

Epos: estelle@mozi.co.za

Addisioneel: My ma se van was slabber afkomstig van Moorreesburg. die van was eers Slabbert maar het blykbaar na 'n fout op 'n geboortesertifikaat verander. Ek is opsoek na daardie skakel toe die van verander het en hoekom. My ma se agteroupa-grootjie was Jacobus Hendrik slabber gebore 3 Maart 1834. Hy was ook die eerste eienaar van die plaas Schilpadvlei in Mooreesburg

VAN DEN BERG

diekh@lantic.net

My ouma was Anna Dorethea van den Berg (geb. Viljoen) en my oupa Diedrich Johannes van den Berg. Hul geboortedatums is aan my onbekend.

Ek weet net hulle het in 1961 hulle goue bruilof gevier en my oupa is in 1964 oorlede. Hulle kinders was:

Petrus Johannes van den Berg (geb. 02-09-1912) Maria Margaretha Zacharia (geb. 21-05-1914) Jacobus Schalk Viljoen van den Berg (geb. 24-01-1919) Diedrich Johannes van den Berg (geboortedatum onbekend). Al hierdie mense is nou al oorlede.

AGTEROS

As jy kop verloor, het jy als verloor

Die senters en die vleuels (al was party so dig soos 'n brood) het altyd, maar altyd, die meisies gekry.

Dit het my heel vroeg al geleer van meisies.
Hulle hou van spoed.

Deur CHRIS BARNARD

Almal vra my nou al maande lank: Wat was daar dan in die drinkwater van 1939? asof dit enigiemand beskore is om te weet. Een ding is seker – dis die een jaar toe die kinders nie in die water gemors het nie.

Dit was die jaar toe die groot oorlog uitgebreek het. En dit sê dalk al klaar heelwat. Doen dit iets aan sommige mense om onder so 'n donker vraagteken gebore te word?

Dit was ook die jaar van my geboorte. En saam met my het 'n hele gros ander skrywers vanjaar 70 geword. Onder andere John Miles, Breyten Breytenbach, Philip de Vos, Karel Schoeman, George Louw, Peter Snyders, Lina Spies en John Kannemeyer. Boonop het J.M. Coetzee dit net-net nie gemaak nie. Hy was net nege dae te laat om deel te wees van daardie oesjaar.

Ek het 'n bietjie gaan rondgrawe in Kannemeyer se Literatuurgeskiedenis, en in sy boek kon ek nie enige ander jaar opspoor waarin daar eers amper soveel Afrikaanse skrywers gebore is nie. Hier miskien twee, daar dalk drie, maar nooit voorheen of daarna nege nie.

Dit was ook 'n groot jaar vir rugbyspelers. En nou praat ek net van Springbokke. Dit was die geboortejaar van onder andere Charlie Cockrell, Tiny Neethling, Gys Pitzer, Snowy Suter, Boet Mulder, Don Walton, en daardie kleinood aan die boesem van enige rugbygeesdriftige, Mannetjies Roux.

Nou moet ek bely: In my kontrei, die destydse Transvaalse Laeveld, het die Krokodilrivier se water min gedoen om my rugbytalent te bevorder. Drie winters se klipharde rugby, eindelose toewyding en weergalose, hardnekkige deursettingsvermoë het my nooit verder laat vorder as my skool se tweede span nie. En selfs daar moes ek sommige Saterdag op die reserwebank sit. Lekker knus tussen die ander also rans.

Ek was 'n stut, en soms 'n slot. Ek het wel die balle in die lynstaan gewen, net om te hoor hoe die fluitjie 30 tree verder blaas vir 'n skrum. Drie jaar gespeel. Nooit 'n drie gedruk nie. Want nes ek amper by die bal kom, kry die een of ander simpel senter dit beet.

Die senters en die vleuels (al was party so dig soos 'n brood) het altyd, maar altyd, die meisies gekry. Dit het my heel vroeg al geleer van meisies. Hulle hou van spoed.

Toe kruip ek in my dop, soos skilpaaie doen, en begin stories uit my duim suig. Ons plaas se waterbron, 'n sytak van die Krokodil, was die Nelsrivier. En dit het skynbaar gehelp vir duimsuig.



Ek weet nie wat 1939 se drinkwater vir Karel Schoeman en Lina Spies se rugby gedoen het nie, maar dit kon nie te waffers bevorderlik gewees het nie. Anders sou ons vandag daarvan geweet het. Trouens, ek weet nie of Karel Schoeman weet hoe lyk 'n rugbybal nie. En, behalwe as ek sy geheime sondes onderskat, twyfel ek of hy wil weet.

Die enigste Afrikaanse skrywer van wie ek weet wat met dié wispelturige en glibberige ovaal ding kon oor die weg kom, was Uys Krige. Maar Uys was in alle opsigte 'n frats. Hy het klaarblyklik sy pa, Japie Krige ('n Springbok), én sy ma, Sannie Uys ('n skrywer) se gene geërf. Die res van ons was nie so gelukkig nie.

Hoewel ek met die jare agtergekom het daar is opvallende ooreenkomste tussen 'n goeie rugbyspeler en 'n goeie skrywer. Albei het intuïsie. 'n Werklik

goeie rugbyspeler én 'n goeie skrywer vermoed 'n gaping lank voordat dit sigbaar word, en berei hom daarop voor. Albei weet jy sit in die hek as jy momentum prysgee.

Albei weet die oomblik as jy kop verloor, het jy als verloor. Almal (behalwe dalk Peter de Villiers) weet as jy die bal het, letterlik of figuurlik, skop jy dit nie doelloos weg nie. Nooit nie.

Kyk maar vir einste Karel Schoeman. As hy die dag in die bui is, klou hy aan daardie bal (die figuurlike een) lank nadat die eindfluitjie geblaas het. Maar dan moet 'n mens byvoeg: Ek sou ook as ek al soveel keer so grasieus en amper toevallig en suutjies oor die doellyn geseil het.

Maar dis genoeg van die ooreenkomste tussen die twee glibberige, nooit bemeesterde kunsoorte.

Verskille is daar natuurlik ook. Ek weet Bakkies Botha het die vreemde hebbelikheid om vir sy teenstanders in die hitte van die stryd soentjies te stuur, maar ek twyfel of hy 'n gewoonte daarvan maak om saans in die maanlig te sit en rymwoorde soek. Albei weet die oomblik as jy kop verloor, het jy als verloor. Almal (behalwe dalk Peter de Villiers) weet as jy die bal het, letterlik of figuurlik, skop jy dit nie doelloos weg nie. Nooit nie.

Kyk maar vir einste Karel Schoeman. As hy die dag in die bui is, klou hy aan daardie bal (die figuurlike een) lank nadat die eindfluitjie geblaas het. Maar dan moet 'n mens byvoeg: Ek sou ook as ek al soveel keer so grasieus en amper toevallig en suutjies oor die doellyn geseil het.

Maar dis genoeg van die ooreenkomste tussen die twee glibberige, nooit bemeesterde kunsoorte.

Verskille is daar natuurlik ook. Ek weet Bakkies Botha het die vreemde hebbelikheid om vir sy teenstanders in die hitte van die stryd soentjies te stuur, maar ek twyfel of hy 'n gewoonte daarvan maak om saans in die maanlig te sit en rymwoorde soek.

HOEKOM HOL HY SO?
Hier is die antwoord:

